

Donderdag 5 Mei

Skrifgedeelte: 1 Samuel 10:1-16

Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:6, 10

Die Gees rus die geroepenes van die Here toe vir hulle taak!

In opdrag van die Here salf Samuel vir Saul tot koning van Israel. Hy is die een wat deur die Here gekies is om sy volk te red uit die mag van die Filistyne (1 Sam. 9:16).

As bewys dat die Here inderdaad vir Saul tot koning gesalf het, beskryf Samuel vir Saul wat met hom sal gebeur op pad terug huis toe. Drie dinge sal gebeur (1 Sam. 10:2-8), en dit gebeur toe presies soos Samuel gesê het (1 Sam. 10:9). Dit wat die Here belowe het by monde van sy profeet Samuel word bevestig. Sy woorde is waar en betroubaar! Dit is ook ons troos: Dit wat die Here sê, gebeur. Ons kan daarom seker wees van die vervulling van sy beloftes.

Van die drie tekens wat Samuel vir Saul beskryf, is die belangrikste dat die Gees kragtig in hom sal werk. Soos in die geval van die rigters (Rigters 3:10; 6:34; 11:29 ens.), dui die Gees wat op Saul kom dat hy deur die Here gekies is as leier van die volk, en dat die Gees hom bekragtig vir sy roeping. Die Gees rus hom toe vir dit waartoe die Here hom geroep het. Dit is ook wat gebeur het by ons Here Jesus se doop (Matt. 3:16): die Gees het Hom gesalf vir sy roeping as ons Middelaar.

Die Gees rus elkeen toe wat deur die Here geroep is tot sy diens – ook vir my en jou. Hy gee vir ons die middele wat ons nodig het om tot God se eer te leef, en om Hom te verheerlik in ons getuienis na buite.

Anders as Saul, moet ons volhard in ons geloof en gehoorsaamheid aan die Gees se roepstem (sien die res van die boek 1 Samuel) en onder leiding van die Gees doen waartoe God ons geroep het.

Sing: Psalm 33-1:3, 6

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)